

HERROEPING VAN DIE DISSIPLINÊRE REËLS INGESTEL INGEVOLGE DIE WET OP OPENBARE REKENMEESTERS EN OUDITEURS, 80 VAN 1991, EN AANVAARDING VAN NUWE DISSIPLINÊRE REËLS OP 7 JUNIE 2007

Nadat die Raad sy voorneme om dit te doen op 26 April 2007 vir kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer het, besluit die Raad nou ingevolge artikel 10(1) van die "Auditing Profession Act", 26 van 2005 ("**die Wet**"), saamgelees met artikel 4(1)(a)(i), (ii) en (iii) van die Wet, om (i) die Dissiplinêre Regulasies waarna in artikel 59(8)(b) van die Wet verwys is, te herroep en (ii) die volgende Dissiplinêre Reëls deur die Raad voor te skryf:

1. WOORDOMSKRYWINGS

- 1.1.1 "**die Direkteur: Regskundig**" beteken die persoon as sodanig aangewys, wat 'n werknemer van die Raad is, of enige persoon wat in daardie hoedanigheid optree, of enige werknemer van die Raad, ongeag sy of haar benaming, wat ten tye van die promulgasie van hierdie Reëls deur die Raad aangestel of belas is om die funksies wat deur die Direkteur: Regskundig uitgevoer word, uit te voer;
- 1.1.2 "**die Dissiplinêre Advieskomitee**" beteken 'n sub-komitee van die Raad wat op 20 June 2006 ingevolge artikel 20(1) deur die Raad ingestel is;
- 1.1.3 "**die Dissiplinêre Komitee**" beteken die komitee wat ingevolge artikel 20(2)(f) deur die Raad ingestel is;
- 1.1.4 "**firma**", in die konteks van hierdie Reëls, beteken 'n vennootskap, maatskappy of alleeneienaar na verwys in artikel 38;¹
- 1.1.5 "**geregistreeerde ouditeur**", in die konteks van hierdie Reëls, beteken 'n individu of firma wat by die Raad as 'n ouditeur geregistreer is of wat op die tydstip toe die beweerde onbehoorlike gedrag plaasgevind het, so geregistreer was, ongeag of daardie geregistreeerde ouditeur in openbare praktyk is of was of nie is of was nie en sluit, indien die betrokke geregistreeerde ouditeur 'n firma is, die behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die geregistreeerde ouditeur in;
- 1.1.6 "**hierdie Reëls**" beteken die *Dissiplinêre Reëls* voorgeskryf ingevolge artikel 10(1) en sluit hierdie woordomsrywings in;
- 1.1.7 "**die HUB**" beteken die persoon wat ingevolge artikel 9(a) deur die Raad as Hoof Uitvoerende Beampte aangestel is, of enige persoon wat in daardie hoedanigheid optree;
- 1.1.8 "**die Kode**" beteken die *Professionele Gedragkode* wat ingevolge artikel 4(1)(c) deur die Raad voorgeskryf is en sluit die *Professionele Gedragkode* na verwys in artikel 59(8)(c) in, totdat dit deur die Raad herroep word;
- 1.1.9 "**die Ondersoekkomitee**" beteken die komitee wat ingevolge artikel 20(2)(e) deur die Raad ingestel is;
- 1.1.10 "**pro forma klaer**" beteken die persoon aangestel ingevolge artikel 50(2)(a) om die aanklag voor die Dissiplinêre Komitee te stel;
- 1.1.11 "**die Raad**" beteken die "Independent Regulatory Board for Auditors" wat ingevolge artikel 3 ingestel is;
- 1.1.12 "**die respondent**" beteken 'n geregistreeerde ouditeur wie se gedrag die onderwerp van enige verrigtinge (van hoegenaamd watter aard, insluitend 'n klag of 'n besluit om sodanige gedrag vir ondersoek te verwys of nie) kragtens hierdie Reëls is, asook die regsverteenvoorder van so 'n geregistreeerde ouditeur, indien enige; en
- 1.1.13 "**die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee**" beteken die afgetrede regter of senior advokaat wat as sodanig deur die Raad aangestel is en sluit 'n adjunk-voorsitter van die Dissiplinêre Komitee wat as voorsitter optree in 'n vergadering van die Dissiplinêre Komitee waar die voorsitter afwesig is of om enige rede nie in staat is om sy of haar funksies uit te voer nie, in;²
- 1.1.14 "**die Wet**" beteken die Auditing Profession Act, 26 van 2005, en enige uitdrukking in hierdie Reëls wat in die Wet omskryf is het, tensy die teendeel uit die samehang blyk, die betekenis wat in die Wet daaraan toegeken word; en

¹ Artikel 1 van "firma".

² Artikel 24(2)(a) saamgelees met die Raadsresolusies op 20 Junie 2006.

- 1.2 enige verwysing na enige artikel in hierdie Reëls is 'n verwysing na die ooreenstemmende artikel van die Wet;
- 1.3 hierdie Reëls sal, waar ook al moontlik, in ooreenstemming met die Wet vertolk word; en
- 1.4 die opskrifte van en enige voetnotas by hierdie Reëls moet in die vertolking van hierdie Reëls in ag geneem word.

2. AANVANG VAN 'N ONDERSOEK VAN BEWEERDE ONBEHOORLIKE GEDRAG

- 2.1 Indien 'n bewering van onbehoorlike gedrag teen 'n geregistreerde ouditeur onder die aandag van die Direkteur: Regskundig of die HUB kom, moet hy of sy dit na die Onderzoekkomitee verwys indien –
 - 2.1.1 die bewerings in die openbare domein is en hy of sy op redelike gronde (insluitend 'n verslag van 'n buitelandse reguleerder) vermoed dat 'n respondent 'n daad begaan het wat sodanige respondent aan onbehoorlike gedrag skuldig mag maak; of
 - 2.1.2 die bewerings deur die Inspeksie-komitee, wat ingevolge artikel 20(2)(d) ingestel is, na hom of haar verwys is; of
 - 2.1.3 'n hof of toepaslike reguleerder 'n rekord of verslag ingevolge artikel 48(2) na hom of haar stuur (of gelas dat dit gestuur word); of
 - 2.1.4 'n lid van die publiek 'n klag by hom of haar indien en hy of sy:
 - 2.1.4.1 vasstel dat die persoon of firma waaroor gekla word 'n geregistreerde ouditeur is;
 - 2.1.4.2 vasstel dat die klag binne die jurisdiksie van die Raad val; en
 - 2.1.4.3 van oordeel is dat die klag van onbehoorlike gedrag geregverdig skyn te wees.³
- 2.2 Lede van die publiek wat 'n klag van onbehoorlike gedrag teen 'n geregistreerde ouditeur wil lê, moet dit in 'n beëdigde verklaring doen, tensy die Direkteur: Regskundig of die HUB anders besluit. 'n Klag moet die spesifieke handeling of versuim om te handel wat tot die klag van onbehoorlike gedrag aanleiding gee, duidelik en bondig uiteen sit.
- 2.3 Ten einde vas te stel of die gronde vir verwysing na die Onderzoekkomitee waarna verwys word in 2.1.1 of 2.1.4 teenwoordig is, mag die Direkteur: Regskundig of die HUB, na sy of haar goeddunke –
 - 2.3.1 die respondent skriftelik verwittig van die aard van die klag en die respondent aansê om binne 30 (dertig) dae vanaf sodanige kennisgewing 'n geskrewe verduideliking in antwoord op die klag te verstrek; en
 - 2.3.2 versoek dat 'n klaer verdere besonderhede ten opsigte van enige aspek van die klag verstrek.

3. ONDERSOEK VAN 'N KLAG OF BEWERINGS VAN ONBEHOORLIKE GEDRAG

- 3.1 Wanneer 'n klag of bewering van onbehoorlike gedrag teen 'n respondent na die Onderzoekkomitee verwys word, moet die Onderzoekkomitee sodanige klag of bewering⁴ ondersoek en mag die Onderzoekkomitee –
 - 3.1.1 enige stappe neem wat nie regtens verbied word nie om inligting met betrekking tot die klag of bewering in te win;⁵
 - 3.1.2 versoek dat 'n klaer verdere besonderhede ten opsigte van enige aspek van die klag verstrek;
 - 3.1.3 by wyse van 'n kennisgewing wat die tyd en plek van die vergadering van die Onderzoekkomitee spesifiseer, die respondent versoek om voor die Onderzoekkomitee⁶ te verskyn ten einde die Onderzoekkomitee te help om sy aanbevelings aan die Raad⁷ te formuleer, met dien verstande dat die kennisgewing die respondent sal verwittig –
 - 3.1.3.1 dat die respondent die reg het om deur 'n ander persoon bygestaan of verteenwoordig te word;⁸

³ Artikel 48(1) en (2).

⁴ Artikel 48(3).

⁵ Artikel 48(3)(b).

⁶ Artikel 48(4).

⁷ Artikel 48(7).

⁸ Artikel 48(4)(a).

- 3.1.3.2 dat enige verklaring wat die respondent aan die Ondersekkomitee maak, as getuienis⁹ gebruik mag word en dat die verrigtinge van die Ondersekkomitee op rekord gestel sal word; en
- 3.1.3.3 dat artikel 51(4) van die Wet bepaal dat 'n respondent beveel kan word om die redelike koste wat die Ondersekkomitee en die Dissiplinêre Komitee in verband met 'n ondersoek en verhoor, indien toepaslik, opgeloop het, te betaal en dat versuim om voor die Ondersekkomitee te verskyn die koste wat waarskynlik deur die Ondersekkomitee en die Dissiplinêre Komitee opgeloop sal word, kan verhoog;
- 3.1.4 by wyse van 'n skriftelike kennisgewing vereis dat die geregistreerde ouditeur op wie die klag of bewering van onbehoorlike gedrag betrekking het, of enige ander persoon, enige inligting, insluitend maar nie beperk daartoe nie, enige werksdokumente, state, korrespondensie, boeke of ander dokumente wat in die besit of onder beheer van daardie geregistreerde ouditeur of ander persoon is en wat betrekking het op die onderwerp van die aanklag(te), insluitend spesifiek, maar sonder beperking, enige werksdokumente van die geregistreerde ouditeur, aan hulle voorlê op 'n plek en tyd deur die Ondersekkomitee aangewys in die kennisgewing;¹⁰
- 3.1.5 versoek dat die HUB regstappe¹¹ instel teen enige persoon wat versuim om die inligting na verwys in 3.1.4, op die tyd en plek aangewys in die kennisgewing aan die Ondersekkomitee voor te lê; en
- 3.1.6 enige inligting ooreenkomstig 3.1.4 en 3.1.5 verkry, inspekteer en, indien die Ondersekkomitee dit toepaslik ag, behou en afskrifte daarvan maak of uittreksels neem uit sodanige inligting.¹²
- 3.2 Nieteenstaande die bepalings in 3.1.3.1 en 3.1.3.2 mag die Ondersekkomitee en die respondent ooreenkom om enige verskyning of deel van 'n verskyning van die respondent voor die Komitee "sonder inkorting van regte" te verklaar. In sodanige geval:
- 3.2.1 sal die getuienis wat voorgelê word of die besprekings by sodanige verskyning of deel van die verskyning nie op rekord gestel word nie;
- 3.2.2 sal die besprekings tussen die Ondersekkomitee en die respondent nie as getuienis teen die respondent gebruik word nie; en
- 3.2.3 mag die respondent en die Ondersekkomitee ooreenkom dat die respondent nie deur enige ander persoon bygestaan of verteenwoordig sal word nie.
- 3.3 Die Ondersekkomitee is nie verplig om die bron van 'n klag openbaar te maak nie.
- 3.4 Indien, gedurende die loop van die Ondersekkomitee se ondersoek, die respondent aan die Ondersekkomitee erken dat die respondent skuldig is aan onbehoorlike gedrag en die Ondersekkomitee en die respondent ooreenkom op 'n straf wat vir sodanige onbehoorlike gedrag opgelê gaan word, of indien dit vir die Ondersekkomitee blyk toepaslik te wees, mag die Ondersekkomitee by die Raad aanbeveel dat 'n spesifieke sanksie opgelê word, en dat die betaling van 'n spesifieke bedrag in koste vereis word van die respondent en dat die naam van, aanklag(te) teen en bevinding in verband met die respondent deur die Raad gepubliseer word of nie.

AANBEVELING AAN DIE DISSIPLINÊRE ADVIESKOMITEE

- 3.5 Nadat die bewerings van onbehoorlike gedrag teen die respondent ondersoek is –
- 3.5.1 moet die Ondersekkomitee aan die Dissiplinêre Advieskomitee verslag doen en aanbeveel of die respondent van onbehoorlike gedrag¹³ aangekla moet word of nie. Indien die Ondersekkomitee by die Dissiplinêre Advieskomitee aanbeveel dat die respondent nie van onbehoorlike gedrag aangekla moet word nie, moet die Ondersekkomitee sy bevinding uitspreek ten opsigte daarvan of:
- 3.5.1.1 die respondent nie aan onbehoorlike gedrag skuldig is nie; of
- 3.5.1.2 daar 'n redelike verduideliking vir die respondent se gedrag is; of

⁹ Artikel 48(4)(b).

¹⁰ Artikel 48(5)(a)(i).

¹¹ Artikel 9(n) saamgelees met die Raadsresolusies op 20 Junie 2006.

¹² Artikel 48(5)(a)(ii) en (iii).

¹³ Artikel 48(7) saamgelees met die Raadsresolusies op 20 Junie 2006.

- 3.5.1.3 die gedrag waaraan die respondent skuldig mag wees 'n onbeduidende aard of uitwerking het; of
- 3.5.1.4 daar geen redelike vooruitsigte op sukses is om te slaag met 'n aanklag van onbehoorlike gedrag teen die respondent nie; of
- 3.5.1.5 dit in al die omstandighede nie toepaslik is om die respondent aan te kla van onbehoorlike gedrag nie; en
- 3.5.2 mag die Ondersoekkomitee 'n aanbeveling kragtens 3.4 aan die Dissiplinêre Advieskomitee maak.

4. **BESLUIT OF 'N GEREGEREERDE OUDITEUR VAN ONBEHOORLIKE GEDRAG AANGEKLA MOET WORD**

- 4.1 Wanneer die Dissiplinêre Advieskomitee 'n aanbeveling kragtens 3.5 van die Ondersoekkomitee ontvang, moet dit die aanbeveling oorweeg en –
 - 4.1.1 indien die Ondersoekkomitee aanbeveel het dat die respondent aangekla moet word, moet dit die respondent formeel aankla;¹⁴
 - 4.1.2 indien die Ondersoekkomitee aanbeveel het dat die respondent nie aangekla moet word nie, mag die Dissiplinêre Advieskomitee –
 - 4.1.2.1 die aanbeveling vir oorweging deur die Raad verwys; of
 - 4.1.2.2 weier om enige aanklag(te) teen die respondent aanhangig te maak.
- 4.2 Indien die Dissiplinêre Advieskomitee die aangeleentheid na die Raad verwys, mag die Raad –
 - 4.2.1 die respondent formeel aankla van sodanige aanklag(te) as wat die Raad na sy goeëdunke mag formuleer;¹⁵ of
 - 4.2.2 weier om enige aanklag(te) teen die respondent aanhangig te maak.
- 4.3 Indien die Dissiplinêre Advieskomitee of die Raad, na gelang van die geval, besluit om nie 'n respondent, wie se gedrag die onderwerp van 'n ondersoek na onbehoorlike gedrag was, aan te kla nie, moet die respondent, en mag die klaer, skriftelik deur die Direkteur: Regskundig of die HUB van hierdie besluit verwittig word.
- 4.4 Indien 'n respondent formeel aangekla word van enige aanklag(te) van onbehoorlike gedrag, moet die Dissiplinêre Advieskomitee toesien dat die respondent per hand (hetsy beteken deur 'n balju of aan die respondent se regsverteenvoerders of andersins) of per geregistreerde pos na die respondent se adres of jongste bekende adres van 'n kennisgewing (indien van toepassing) en 'n klagstaat voorsien word¹⁶

DIE KENNISGEWING

- 4.5 Wanneer 'n respondent formeel aangekla word van enige aanklag(te) van onbehoorlike gedrag, moet sodanige respondent 'n kennisgewing ontvang van die tyd en plek waarop 'n verhoor van die aanklagte kragtens Reël 6 en Reël 7 (indien van toepassing) gevoer sal word, tensy die Ondersoekkomitee 'n aanbeveling kragtens 3.4 gemaak het.
- 4.6 Onderworpe aan 6.3.11, 6.3.12 en 6.4, word 'n verhoor kragtens Reël 6 en / of Reël 7 op sodanige plek en tyd as wat deur die Direkteur: Regskundig of die HUB aangewys word, gevoer.
- 4.7 Die kennisgewing moet meld:
 - 4.7.1 dat, by die verhoor kragtens Reël 6 en Reël 7 (indien van toepassing), die respondent:
 - 4.7.1.1 in die aanvoering van 'n verdediging, bygestaan of verteenwoordig mag word deur 'n ander persoon;
 - 4.7.1.2 die reg het om aangehoor te word;
 - 4.7.1.3 getuies mag roep;
 - 4.7.1.4 enige persoon wat as 'n getuie deur die *pro forma* klaer geroep word, onder kruisverhoor mag neem;
 - 4.7.1.5 toegang mag hê tot dokumente wat as getuienis voorgelê word; en

¹⁴ Artikel 49(1) saamgelees met die Raadsresolusies op 20 Junie 2006.

¹⁵ Artikel 49(1) saamgelees met artikel 19(4) en die Raadsresolusies op 20 Junie 2006.

¹⁶ Artikel 49(2).

- 4.7.1.6 te eniger tyd voor die afsluiting van die dissiplinêre verhoor kragtens Reël 6 mag erken dat die respondent skuldig is aan die aanklag(te) na die Dissiplinêre Komitee verwys, ten spyte van die feit dat die respondent sodanige aanklag(te) ontken het of versuim het om sodanige aanklag(te) te erken of ontken; en
- 4.7.1.7 geag sal word skuldig te wees aan die aanklag(te) waarop die respondent skuld kragtens 4.7.1.6 erken het;
- 4.7.2 dat die respondent die Direkteur: Regskundig of die HUB minstens een (1) maand voor die datum van die verhoor kragtens Reël 6 en Reël 7 (indien van toepassing) bepaal word kragtens 4.6, of met aanvoering van gebiedende redes, sodanige korter tydperk as wat die Direkteur: Regskundig of HUB mag bepaal, moet verwittig van die name, fisiese adresse en posadresse van enige getuie(s) wat die respondent wens by die verhoor kragtens Reël 6 en Reël 7 (indien van toepassing) getuienis af te lê.

GETUIEDAGVAARDINGS

- 4.8 Die Direkteur: Regskundig of die HUB moet toesien dat getuiedagvaardings in die voorgeskrewe vorm aan die getuie(s), indien enige, genomineer deur die respondent, beteken word en mag toesien dat sodanige getuiedagvaardings beteken word aan sodanige getuie(s), indien enige, wat die *pro forma* klaer en die Dissiplinêre Komitee wil roep.

DIE KLAGSTAAT

- 4.9 'n Klagstaat mag een of meer aanklag van onbehoorlike gedrag bevat, hetsy dit kumulatief of in die alternatief geformuleer word.
- 4.10 Die klagstaat moet:
- 4.10.1 die aard van die aanklag(te) uiteen sit;¹⁷
- 4.10.2 die toepaslike feite waarop die aanklag(te) gebaseer is met genoegsame besonderhede uiteen sit om die respondent in staat te stel om te pleit;
- 4.10.3 die respondent verwittig dat die respondent die aanklag(te) skriftelik mag erken of ontken;¹⁸
- 4.10.4 die respondent verwittig dat die respondent 'n geskrewe verduideliking in verband met die aanklag(te), tesame met die erkenning of ontkenning na verwys in 4.10.3, mag indien;¹⁹
- 4.10.5 die respondent verwittig van die datum waarteen die respondent die aanklag(te) moet erken of ontken, welke datum die respondent 'n redelike tyd (maar wat nie 60 dae oorskry nie) moet bied om te antwoord;²⁰
- 4.10.6 die respondent verwittig dat:
- 4.10.6.1 indien die respondent nie die aanklag(te) teen die datum na verwys in 4.10.5 erken of ontken nie, die respondent geag sal word daardie aanklag(te) te ontken het en dat daardie aanklag(te) vir 'n dissiplinêre verhoor kragtens Reël 6 verwys sal word; of
- 4.10.6.2 indien die respondent die aanklag(te) ontken maar versuim om 'n geskrewe verduideliking, saam met die ontkenning, in te dien, die aanklag(te) sonder sodanige verduideliking vir 'n dissiplinêre verhoor kragtens Reël 6 verwys sal word;
- 4.10.7 die respondent verwittig dat artikel 51(4) van die Wet bepaal dat 'n respondent beveel kan word om die redelike koste te betaal wat die Ondersoekkomitee en die Dissiplinêre Komitee in verband met 'n ondersoek en verhoor opgehoop het en dat 'n versuim om 'n pleit kragtens 4.10.3 of 'n geskrewe verduideliking kragtens 4.10.4 in te dien, die koste wat waarskynlik deur die Dissiplinêre Komitee opgehoop sal word, kan verhoog.

WYSIGING VAN KLAGSTAAT VOOR DIE VERHOOR

¹⁷ Artikel 49(3)(a).

¹⁸ Artikel 49(3)(b).

¹⁹ Artikel 49(3)(c).

²⁰ Artikel 49(3)(d).

- 4.11 Die Dissiplinêre Advieskomitee mag te eniger tyd nadat 'n klagstaat of gewysigde klagstaat kragtens 4.4 aan 'n respondent voorsien is en voor die aanvang van 'n verhoor kragtens Reël 6 sodanige klagstaat of gewysigde klagstaat verder wysig.²¹ Wysigings mag die byvoeging of weglating van aanklagte insluit, maar is nie beperk daartoe nie.
- 4.12 Die wysiging sal uitgevoer word deur 'n gewysigde klagstaat, wat voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in 4.10, kragtens 4.4 aan die respondent te voorsien.
- 4.13 Die bepalings van Reël 5 is *mutatis mutandis* na ontvangs van 'n gewysigde klagstaat van toepassing op 'n respondent selfs al het die respondent 'n pleit op die oorspronklike klagstaat gelewer.

5. DIE PLEIT EN GEVOLGE VAN 'N SKULDERKENNING OF SKULDONTKENNING

- 5.1 'n Respondent wat formeel aangekla word, moet skriftelik voor of op die datum na verwys in 4.10.5 op al die aanklagte pleit.
- 5.2 Indien die respondent nie voor of op die datum na verwys in 4.10.5 op al die aanklag(te) pleit nie, sal die respondent geag word die aanklag(te) te ontken het en sal sodanige aanklag(te) vir 'n verhoor op die meriete kragtens Reël 6 verwys word.
- 5.3 Indien 'n respondent skuldig pleit op die aanklag (indien daar slegs een is), of al die aanklagte (indien daar meer as een is) vervat in die klagstaat, moet die respondent die Direkteur: Regskundig of die HUB verwittig. In sodanige geval word die respondent geag skuldig te wees aan daardie aanklag(te)²² en:
- 5.3.1 indien die Ondersoekkomitee met betrekking tot 'n respondent aanbeveel het dat 'n spesifieke sanksie opgelê word, dat betaling van 'n spesifieke kostebedrag vereis word en dat 'n spesifieke reëling in verband met publikasie getref word, sal die Direkteur: Regskundig of die HUB outomaties daardie sanksie op die respondent toepas, beveel dat die respondent die kostebedrag betaal en daardie reëling in verband met publikasie implementeer;²³
- 5.3.2 indien die Ondersoekkomitee nie aanbeveel het dat 'n spesifieke sanksie opgelê word op, en die betaling van 'n spesifieke kostebedrag vereis word van, 'n respondent nie, sal die saak na die Dissiplinêre Komitee verwys word om kragtens Reël 7 daarmee te handel by die verhoor bepaal kragtens 4.6.
- 5.4 Indien 'n respondent skuldig pleit op een of meer, maar nie al die aanklagte in die klagstaat nie (indien daar meer as een was), moet die respondent die Direkteur: Regskundig of die HUB verwittig, en duidelik aandui met betrekking tot watter aanklag(te) die respondent skuld erken of ontken.
- 5.5 Indien 'n respondent skuld op een of meer van die aanklagte in 'n klagstaat ontken, en die Ondersoekkomitee geen aanbeveling kragtens 3.4 gemaak het nie, sal daardie aanklag(te) waarop sodanige respondent skuld ontken het na die Dissiplinêre Komitee verwys word vir 'n verhoor op die meriete kragtens Reël 6, tensy die klagstaat kragtens 4.11 deur die Dissiplinêre Advieskomitee gewysig word om die aanklag(te) waarop die respondent skuld ontken het, te verwyder. Die respondent sal geag word skuldig te wees aan daardie aanklagte waarop die respondent skuld erken het, wat na die Dissiplinêre Komitee verwys sal word om kragtens Reël 7 daarmee te handel.
- 5.6 Indien 'n respondent skuld ontken op een of meer aanklagte in 'n klagstaat, en die Ondersoekkomitee 'n aanbeveling kragtens 3.4 gemaak het:
- 5.6.1 mag die Dissiplinêre Advieskomitee sy magte kragtens 4.11 uitoefen, in welke geval 4.12 en 4.13 *mutatis mutandis* van toepassing is. Indien daar geen aanklagte in die klagstaat, soos gewysig, is waarop die respondent onskuldig pleit nie, word die aanklagte waarop die respondent skuldig gepleit het na die HUB of die Direkteur: Regskundig verwys om kragtens 5.3.1 te handel;
- 5.6.2 indien die Dissiplinêre Advieskomitee nie sy magte kragtens 4.11 uitoefen nie, of indien – ten spyte van die uitoefening van sy magte kragtens 4.11 – daar aanklagte in die klagstaat, soos gewysig, is waarop die respondent onskuldig pleit, is 4.5 tot 4.8 *mutatis mutandis* van toepassing en sal alle aanklag(te) in die klagstaat na die

²¹ Die magte van die Dissiplinêre Komitee om 'n klagstaat te wysig word in 6.3.8 behandel.

²² Artikel 49(4).

²³ Kyk die Raadsresolusies op 20 Junie 2006 en die resoluë van die Dissiplinêre Komitee op 16 September 2006.

Dissiplinêre Komitee verwys word. Daardie aanklag(te) waarop die respondent skuld ontken het, word vir 'n verhoor op die meriete kragtens Reël 6 verwys. Die respondent word geag skuldig te wees aan daardie aanklagte waarop die respondent skuld erken het, welke aanklagte na die Dissiplinêre Komitee verwys sal word om kragtens Reël 7 daarmee te handel.

6. DIE VERHOOR OP DIE MERIETE

6.1 Algemene aangeleenthede

6.1.1 Die Dissiplinêre Komitee mag, met aanvoering van grondige redes en in die belang van geregtigheid, enige afwyking van hierdie Reëls of van die streng reëls van bewyslewering wat nie deur die Wet verbied word nie, goedkeur of kondoneer. Tensy enige afwyking van hierdie Reëls of van die streng reëls van bewyslewering by 'n verhoor geopper word, sal dit nie vir die Dissiplinêre Komitee nodig wees om sodanige afwyking formeel goed te keur of te kondoneer nie en sodanige afwyking sal nie in en op sigself enige aksie of besluit geneem, of na bewering geneem, kragtens hierdie Reëls ongeldig maak nie.

6.1.2 Indien 'n respondent wat formeel aangekla word van enige aanklag(te) van onbehoorlike gedrag kragtens 4.1.1 of 4.2.1, nie voor of op die datum na verwys in 4.10.5 skriftelik skuld op die aanklag(te) erken of ontken nie, of indien daardie respondent die aanklag (indien daar slegs een is) of een of meer van die aanklagte (indien daar meer as een is) ontken, moet die Direkteur: Regskundig of die HUB die aanklag(te) waarop skuld ontken is of waarop die respondent nie gepleit het nie, saam met die pleit en geskrewe verduideliking (indien enige), onderworpe aan 5.5 en 5.6, na die Dissiplinêre Komitee vir 'n verhoor kragtens hierdie Reël verwys.

6.1.3 Die Direkteur: Regskundig of die HUB moet, ingevolge 'n verwysing kragtens 6.1.2 enige persoon ("die *pro forma* klaer"), na sy of haar goeddunke, aanstel om die aanklag(te) by die verhoor kragtens hierdie Reël en kragtens Reël 7 (indien enige) aan die Dissiplinêre Komitee voor te lê. Die *pro forma* klaer mag deur een of meer persone met regs- of auditondervinding bygestaan word.

6.2 Dokumente wat ter getuienis aangevoer gaan word

6.2.1 Die Direkteur: Regskundig of die HUB sal toesien dat bundels van die dokumente wat in die verhoor kragtens hierdie Reël en kragtens Reël 7 (indien enige) as getuienis aangevoer gaan word, aan sodanige lede van die Dissiplinêre Komitee wat aangedui het dat hulle die verhoor kragtens hierdie Reël sal bywoon, aan die respondent en aan die *pro forma* klaer, verskaf word.

6.2.2 Die bundels moet die volgende bevat:

6.2.2.1 die kennisgewing en klagstaat(state) wat kragtens 4.4 aan die respondent gestuur is;

6.2.2.2 enige pleit(e) en geskrewe verduideliking(s) wat deur die respondent verstrekk is;

6.2.2.3 enige dokumente wat die *pro forma* klaer en die respondent ooreenkom toelaatbaar as getuienis is;

6.2.2.4 na goeddunke van die *pro forma* klaer, 'n gesertifiseerde afskrif van die rekord van die verhoor en skuldigbevinding van die respondent indien die respondent aangekla word van onbehoorlike gedrag wat neerkom op die oortreding waarop die respondent skuldig bevind is, tensy die skuldigbevinding deur 'n hoër hof tersyde gestel is.

6.2.3 Niks in 6.2 verhoed dat enige getuienis wat nie ingesluit is in enige bundel na verwys in daardie sub-reëls nie, by die verhoor kragtens hierdie Reël of Reël 7 aangevoer word nie.

6.3 Die verrigtinge by die verhoor

6.3.1 Indien die respondent nie op die tyd en plek vir die verhoor aangewys kragtens 4.6 teenwoordig is nie en binne 30 (dertig) minute vanaf die tyd aangewys vir die begin van die verhoor nog steeds nie teenwoordig is nie, mag die verhoor kragtens hierdie Reël en Reël 7 (indien enige) in die respondent se afwesigheid voortgesit word indien die Dissiplinêre Komitee tevrede is dat die kennisgewing kragtens 4.4 per hand (hetsy beteken deur 'n balju of andersins) of per geregistreerde pos aan die respondent beteken is.

- 6.3.2 Hierdie Reël is *mutatis mutandis* van toepassing op die situasie waar 'n verhoor in die respondent se afwesigheid voortgesit word.
- 6.3.3 Indien 'n geregistreerde ouditeur nie by 'n verhoor teenwoordig is nie, mag 'n geregistreerde ouditeur slegs deur 'n ander persoon by die verhoor verteenwoordig word indien die geregistreerde ouditeur sodanige persoon skriftelik daartoe gemagtig het.
- 6.3.4 Enige aansoek dat die verhoor kragtens hierdie Reël, of enige deel van die verhoor, *in camera* gehou word, moet by die aanvang van die verhoor gebring word, tensy die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee anders besluit.²⁴
- 6.3.5 Enige getuie by 'n verhoor sal getuienis lewer nadat die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of 'n persoon deur hom of haar aangewys sodanige getuie onder eed of bevestiging gestel het.
- 6.3.6 Die volgorde van die verrigtinge by 'n verhoor kragtens hierdie Reël sal soos volg wees:
- 6.3.6.1 Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee lees die kennisgewing en klagstaat na verwys in 4.4 aan die respondent voor, tensy die respondent instem dat afgesien word van die lees van sodanige kennisgewing en klagstaat.
- 6.3.6.2 Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee versoek die respondent om te bevestig watter van die aanklagte uiteengesit in die klagstaat (of in die klagstaat soos gewysig) die respondent erken of ontken, met dien verstande dat die Dissiplinêre Komitee nie sodanige bevestiging sal versoek met betrekking tot enige aanklag(te) waarop die respondent kragtens 5.3 skuld erken het nie.
- 6.3.6.3 Die respondent sal geag word skuldig soos aangekla te wees aan enige aanklag(te) waarop sodanige respondent skuld kragtens 6.3.6.2 erken het en sodanige aanklag(te) sal kragtens Reël 7 deur die Dissiplinêre Komitee aangehoor word.
- 6.3.6.4 Indien die respondent nie die aanklag(te) erken of ontken wanneer hy of sy kragtens 6.3.6.2 gevra word om dit te doen nie, of indien dit vir die voorsitter voorkom of die respondent die feite erken maar nie skuld op die aanklag(te) erken nie, of indien die respondent nie by die verhoor kragtens hierdie Reël teenwoordig is nie, word geag dat die respondent die aanklag(te) ontken.
- 6.3.6.5 Die *pro forma* klaer stel sy of haar saak met betrekking tot die aanklag(te) ontken kragtens 6.3.6.2 en 6.3.6.4 en voer getuienis ter stawing daarvan aan.
- 6.3.6.6 Die respondent mag enige getuies wat deur die *pro forma* klaer gebring word onder kruisverhoor neem en mag toegang verkry tot enige dokumente wat die *pro forma* klaer as getuienis aangevoer het.
- 6.3.6.7 Die *pro forma* klaer mag enige getuies wat deur die respondent onder kruisverhoor geneem is, herondervra.
- 6.3.6.8 Na afsluiting van die saak aangevoer deur die *pro forma* klaer, stel die respondent die saak met betrekking tot die aanklag(te) ontken kragtens 6.3.6.2 en 6.3.6.4 en voer getuienis ter stawing daarvan aan.
- 6.3.6.9 Die *pro forma* klaer mag enige getuies wat ten behoeve van die respondent gebring is (insluitend die respondent geregistreerde ouditeur indien daardie geregistreerde ouditeur gekies het om getuienis te lewer) onder kruisverhoor neem en mag toegang verkry tot enige dokumente wat die respondent as getuienis aangevoer het.
- 6.3.6.10 Die respondent mag enige getuies wat deur die *pro forma* klaer onder kruisverhoor geneem is, herondervra.
- 6.3.6.11 Na afsluiting van die saak aangevoer deur die respondent,
- (i) mag die *pro forma* klaer die Dissiplinêre Komitee oor die saak in die algemeen toespreek;
 - (ii) mag die respondent die *pro forma* klaer antwoord; en
 - (iii) mag die *pro forma* klaer antwoord op enige nuwe aangeleentheid wat deur die respondent geopper is.

²⁴ Artikel 50(4) bepaal dat 'n verhoor voor die Dissiplinêre Komitee oop is vir die publiek behalwe waar, na die mening van die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee, enige deel van die verhoor *in camera* gehou behoort te word.

- 6.3.7 Na afsluiting van hul saak hoor die Dissiplinêre Komitee geen verdere getuienis van die *pro forma* klaer of van die respondent aan nie, tensy dit in die belang van geregtigheid is, in welke geval 6.3.6.5 tot 6.3.6.11 *mutatis mutandis* van toepassing sal wees.
- 6.3.8 Die Dissiplinêre Komitee mag te eniger tyd nadat die *pro forma* klaer begin het om sy of haar saak te stel en voor die afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël die klagstaat ingevolge artikel 50(3) wysig, waarna die Dissiplinêre Komitee sy verrigtinge na goeddunke, in die belang van geregtigheid mag reguleer.²⁵
- 6.3.9 Die respondent mag te eniger tyd nadat die *pro forma* klaer begin het om sy of haar saak te stel en voor die afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël skuld erken op enige aanklag(te) waarop skuld nie voorheen erken is nie, waarna sodanige respondent geag sal word skuldig aan sodanige aanklag(te) te wees. Sodanige aanklag(te) sal kragtens Reël 7 deur die Dissiplinêre Komitee aangehoor word. Die Dissiplinêre Komitee mag sy verrigtinge met betrekking tot enige oorblywende aanklag(te) waarop skuld nie erken is nie na goeddunke in die belang van geregtigheid reguleer.
- 6.3.10 Die *pro forma* klaer mag, met vergunning van die Dissiplinêre Komitee, te eniger tyd nadat hy of sy begin het om sy of haar saak te stel en voor die afsluiting van die verhoor enige aanklag(te) teen die respondent terugtrek. Die Dissiplinêre Komitee mag sy verrigtinge met betrekking tot enige oorblywende aanklag(te) na goeddunke in die belang van geregtigheid reguleer.
- 6.3.11 Indien die Dissiplinêre Komitee, as gevolg van 'n erkenning kragtens 6.3.9 of 'n terugtrekking kragtens 6.3.10, nie belas is met enige verdere aanklag(te) nie, en indien die respondent skuldig is aan enige aanklag(te) ingevolge artikel 49(4)²⁶ of artikel 50(8)(b)(ii),²⁷ gaan die Dissiplinêre Komitee kragtens Reël 7 oor tot die aanhoor van sodanige aanklag(te) waaraan die respondent skuldig is, of, in uitsonderlike omstandighede, sal die Dissiplinêre Komitee van nuuts af 'n plek en tyd (nie meer as 30 (dertig) dae vanaf die datum van die aankondiging nie) aanwys waarop die Dissiplinêre Komitee sodanige aanklag(te) kragtens Reël 7 sal aanhoor.
- 6.3.12 Die Dissiplinêre Komitee mag te eniger tyd na die aanvang van en voor die afsluiting van die verhoor beveel dat die res van die verhoor kragtens hierdie Reël uitgestel word tot 'n tyd en plek wat na goeddunke van die Dissiplinêre Komitee aangewys is of sal word, met dien verstande dat slegs lede wat by die aanvang van die verhoor kragtens hierdie Reël teenwoordig was, aan die res van die verhoor kragtens hierdie Reël mag deelneem.
- 6.3.13 Die Dissiplinêre Komitee mag te eniger tyd na die aanvang van en voor die afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël enige persoon wie se getuienis geag word wesenlik te wees en wat nie deur die *pro forma* klaer of die respondent geroep is nie, as getuie roep. Die Dissiplinêre Komitee mag sy verrigtinge met betrekking tot die kruisondervraging van sodanige getuie en die reg om die Dissiplinêre Komitee toe te spreek oor die getuienis deur sodanige getuie gelewer, na goeddunke in die belang van geregtigheid reguleer.
- 6.3.14 Enige lid van die Dissiplinêre Komitee wat aan die verhoor kragtens hierdie Reël deelneem mag, met die toestemming van die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee, 'n vraag aan enige getuie, aan die respondent geregistreerde ouditeur (indien sodanige geregistreerde ouditeur gekies het om getuienis af te lê), aan die *pro forma* klaer en aan die regsverteenvoerder van die respondent geregistreerde ouditeur (indien enige) stel.
- 6.3.15 Die Dissiplinêre Komitee mag enige besluit met betrekking tot enige aangeleentheid wat in verband met, of tydens die verloop van 'n verhoor kragtens hierdie Reël ontstaan, *in camera* neem.
- 6.4 **Afsluiting van verhoor kragtens hierdie Reël**
By die afsluiting van 'n verhoor kragtens hierdie Reël, moet die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee aankondig wanneer en op welke wyse die Dissiplinêre Komitee die

²⁵ Kyk ook 4.11.

²⁶ Dit is die geval wanneer 'n geregistreerde ouditeur in antwoord op die klagstaat voor 'n verhoor skuld erken het op een of meer aanklagte.

²⁷ Dit is die geval wanneer 'n geregistreerde ouditeur by 'n verhoor op die meriete van die saak skuld op een of meer aanklagte erken het.

respondent van sy bevinding met betrekking tot die skuld of onskuld van die respondent op die aanklag(te) waaraan die Dissiplinêre Komitee nog by afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël belas is, sal verwittig. Die Dissiplinêre Komitee mag die respondent op die dag van die verhoor kragtens hierdie Reël of, in buitengewone omstandighede later, maar in elk geval nie meer as 30 (dertig) dae na die afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël nie²⁸ van sy bevinding inlig.

7. VERHOOR VIR VONNISOPLEGGING²⁹

7.1 Toepassing van hierdie reël

7.1.1 Hierdie reël is nie van toepassing wanneer 'n respondent skuld op die aanklag (indien daar slegs een is) of al die aanklagte (indien daar meer as een is), vervat in die klagstaat erken het, en die Direkteur: Regskundig of die HUB outomaties 'n sanksie kragtens 5.3.1 op die respondent gelê het nie.³⁰

7.1.2 Hierdie reël is, behoudens 7.1.1, van toepassing wanneer 'n respondent skuldig bevind is aan enige aanklag(te) ingevolge artikel 49(4),³¹ 50(8)(b)(ii)³² of 51(1)(a)³³ ongeag of 'n verhoor kragtens Reël 6 plaasgevind het.

7.2 **Verhoor kragtens hierdie Reël wanneer 'n verhoor kragtens Reël 6 plaasgevind het**
Indien 'n respondent skuldig bevind is aan 'n aanklag(te) ingevolge artikel 49(4),³⁴ 50(8)(b)(ii)³⁵ of 51(1)(a)³⁶ en 'n verhoor kragtens Reël 6 plaasgevind het, sal die Dissiplinêre Komitee 'n verhoor kragtens hierdie Reël hou:

7.2.1 op die tyd en plek bepaal deur die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee kragtens 6.3.11 of 6.4;

7.2.2 as 'n voortsetting van die verhoor kragtens Reël 6; en

7.2.3 met die deelname aan die verhoor kragtens hierdie Reël van slegs sodanige lede van die Dissiplinêre Komitee as wat deelgeneem het aan die verhoor kragtens Reël 6.

7.3 **Verhoor kragtens hierdie Reël wanneer 'n verhoor kragtens Reël 6 nie plaasgevind het nie³⁷**

Die bepalings van hierdie sub-Reël 7.3 is slegs van toepassing indien 'n respondent skuldig is aan 'n aanklag(te) en 'n verhoor kragtens Reël 6 nie plaasgevind het nie. In sodanige geval –

7.3.1 mag die Direkteur: Regskundig of die HUB 'n *pro forma* klaer, na sy of haar goeë dunde, aanstel om enige verswarende of versagtende omstandighede by die verhoor kragtens hierdie Reël aan die Dissiplinêre Komitee voor te lê. Die *pro forma* klaer mag deur een of meer persone met regs- of ouditondervinding bygestaan word;

7.3.2 hou die Dissiplinêre Komitee die verhoor kragtens hierdie Reël op sodanige tyd en plek as wat die Direkteur: Regskundig of die HUB kragtens 4.6 bepaal.

7.4 **Algemene mag met betrekking tot 'n verhoor kragtens Reël 7**

Die Dissiplinêre Komitee mag, met aanvoering van grondige redes en in die belang van geregtigheid, enige afwyking van hierdie Reëls of van die streng reëls van bewyslewering wat nie deur die Wet verbied word nie, goedkeur of kondoneer. Tensy enige afwyking van hierdie Reëls of van die streng reëls van bewyslewering by 'n verhoor geopper word, is dit nie vir die Dissiplinêre Komitee nodig om sodanige afwyking formeel goed te keur of te kondoneer nie en sodanige afwyking sal nie in en op sigself enige aksie of besluit geneem, of na bewering geneem, kragtens hierdie Reëls ongeldig maak nie.

7.5 **Die verrigtinge by die verhoor**

²⁸ Kyk artikel 51(1).

²⁹ Daar word in die vooruitsig gestel dat 'n verhoor op die meriete en vir vonnisoplegging normaalweg terselfdertyd sal plaasvind. In uitsonderlike gevalle mag die Dissiplinêre Komitee egter anders besluit; kyk 6.3.11, 6.3.12 en 6.4.

³⁰ Kyk die Raadsresolusies op 20 Junie 2006 en die resoluë van die Dissiplinêre Komitee op 16 September 2006.

³¹ Dit is die geval wanneer 'n geregistreerde ouditeur in antwoord op die klagstaat voor 'n verhoor skuld erken het op een of meer aanklagte.

³² Dit is die geval wanneer 'n geregistreerde ouditeur by 'n verhoor op die meriete van die saak skuld op een of meer aanklagte erken het.

³³ Dit is die geval wanneer die Dissiplinêre Komitee 'n geregistreerde ouditeur na 'n verhoor op die meriete van die saak skuldig bevind.

³⁴ Kyk vn 31bo.

³⁵ Kyk vn 32 bo.

³⁶ Kyk vn 33 bo.

³⁷ Dit is die geval wanneer 'n geregistreerde ouditeur skuld erken op die klag (indien daar slegs een is), of al die klagte (indien daar meer as een is), vervat in die klagstaat en die Ondersoekkomitee nie aanbeveel het dat 'n spesifieke sanksie opgelê word nie.

- 7.5.1 Indien die respondent nie op die tyd en plek vir die verhoor bepaal kragtens 6.3.11, 6.4 of 7.3.2 teenwoordig is nie en binne 30 (dertig) minute na die tyd bepaal vir die begin van die verhoor nog steeds nie teenwoordig is nie, mag die verhoor kragtens hierdie Reël in die afwesigheid van die respondent voortgesit word, met die voorbehoud dat indien die plek en tyd vir die verhoor kragtens 7.3.2 bepaal is, die verhoor kragtens hierdie Reël slegs in die afwesigheid van die respondent voortgesit mag word indien die Dissiplinêre Komitee tevrede is dat die kennisgewing kragtens 4.4 per hand (hetsy beteken deur 'n balju of andersins) of per geregistreerde pos aan die respondent beteken is.
- 7.5.2 Hierdie Reël is *mutatis mutandis* van toepassing op die situasie waar 'n verhoor in die respondent se afwesigheid voortgesit word.
- 7.5.3 Indien 'n geregistreerde ouditeur nie by 'n verhoor teenwoordig is nie, mag 'n geregistreerde ouditeur slegs deur 'n ander persoon by die verhoor verteenwoordig word indien die geregistreerde ouditeur sodanige persoon skriftelik daartoe gemagtig het.
- 7.5.4 Enige aansoek dat die verhoor kragtens hierdie Reël, of enige deel van die verhoor, *in camera* gehou word, moet by die aanvang van die verhoor gebring word, tensy gebiedende gronde, na die mening van die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee, aangevoer word.³⁸
- 7.5.5 Enige getuie by 'n verhoor sal getuienis lewer nadat die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of 'n persoon deur hom of haar aangewys sodanige getuie onder eed of bevestiging gestel het.
- 7.5.6 Die volgorde van die verrigtinge by 'n verhoor kragtens hierdie Reël sal soos volg wees:
- 7.5.6.1 Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee lees die aanklag(te) waaraan die respondent skuldig bevind is, tensy die respondent toestem dat afgesien word van die lees van sodanige aanklag(te).
- 7.5.6.2 Die *pro forma* klaer stel sy of haar saak met betrekking tot versagtende of verswarende omstandighede in verband met die aanklag(te) waaraan die respondent skuldig is en voer getuienis ter staving daarvan (indien enige) aan.
- 7.5.6.3 Die respondent mag enige getuies wat deur die *pro forma* klaer gebring word onder kruisverhoor neem en mag toegang verkry tot enige dokumente wat die *pro forma* klaer as getuienis aangevoer het.
- 7.5.6.4 Die *pro forma* klaer mag enige getuies wat deur die respondent onder kruisverhoor geneem is, herondervra.
- 7.5.6.5 Na afsluiting van die saak aangevoer deur die *pro forma* klaer, stel die respondent die saak met betrekking tot versagtende of verswarende omstandighede in verband met die aanklag(te) waaraan die respondent skuldig is en voer getuienis ter staving daarvan (indien enige) aan.
- 7.5.6.6 Die *pro forma* klaer mag enige getuies wat ten behoeve van die respondent gebring is (insluitend die respondent geregistreerde ouditeur indien daardie geregistreerde ouditeur gekies het om getuienis te lewer) onder kruisverhoor neem en mag toegang verkry tot enige dokumente wat die respondent as getuienis aangevoer het.
- 7.5.6.7 Die respondent mag enige getuies wat deur die *pro forma* klaer onder kruisverhoor geneem is, herondervra.
- 7.5.6.8 Na afsluiting van die saak aangevoer deur die respondent,
- (i) mag die *pro forma* klaer die Dissiplinêre Komitee met betrekking tot versagtende of verswarende omstandighede toespreek;
 - (ii) mag die respondent die *pro forma* klaer antwoord; en
 - (iii) mag die *pro forma* klaer antwoord op enige nuwe aangeleentheid wat deur die respondent geopper is.
- 7.5.7 Na afsluiting van hul saak oor versagtende of verswarende omstandighede hoor die Dissiplinêre Komitee geen verdere getuienis van die *pro forma* klaer of van die

³⁸ Artikel 50(4) bepaal dat 'n verhoor voor die Dissiplinêre Komitee oop is vir die publiek behalwe waar, na die mening van die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee, enige deel van die verhoor in camera gehou behoort te word.

- respondent aan nie, tensy dit in die belang van geregtigheid is, in welke geval 7.5.6.2 tot 7.5.6.8 *mutatis mutandis* van toepassing sal wees.
- 7.5.8 Die Dissiplinêre Komitee mag te eniger tyd na die aanvang van en voor die afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël beveel dat die res van die verhoor kragtens hierdie Reël uitgestel word tot 'n tyd en plek wat na goeddunke van die Dissiplinêre Komitee aangewys is of sal word, met dien verstande dat slegs lede wat by die aanvang van die verhoor kragtens hierdie Reël teenwoordig was, aan die res van die verhoor kragtens hierdie Reël mag deelneem.
- 7.5.9 Die Dissiplinêre Komitee mag te eniger tyd na die aanvang van en voor die afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël enige persoon wie se getuienis geag word wesenlik te wees en wat nie deur die *pro forma* klaer of die respondent geroep is nie, as getuie roep. Die Dissiplinêre Komitee mag sy verrigtinge met betrekking tot die kruisondervraging van sodanige getuie en die reg om die Dissiplinêre Komitee toe te spreek oor die getuienis deur sodanige getuie gelewer, na goeddunke in die belang van geregtigheid reguleer.
- 7.5.10 Enige lid van die Dissiplinêre Komitee wat aan die verhoor kragtens hierdie Reël deelneem mag, met die toestemming van die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee, 'n vraag aan enige getuie, aan die respondent geregistreerde ouditeur (indien sodanige geregistreerde ouditeur gekies het om getuienis af te lê), aan die *pro forma* klaer en aan die verteenwoordiger van die respondent geregistreerde ouditeur (indien enige) stel.
- 7.5.11 Die Dissiplinêre Komitee mag enige besluit met betrekking tot enige aangeleentheid wat in verband met, of tydens die verloop van, 'n verhoor kragtens hierdie Reël ontstaan, *in camera* neem.

7.6 **Afsluiting van verhoor kragtens hierdie Reël**

By die afsluiting van 'n verhoor kragtens hierdie Reël, moet die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee aankondig wanneer en op welke wyse die Dissiplinêre Komitee die respondent van sy bevinding met betrekking tot die vonnis van die respondent sal verwittig. Die Dissiplinêre Komitee mag die respondent op die dag van die verhoor kragtens hierdie Reël of, in buitengewone omstandighede later, maar in elk geval nie meer as 30 (dertig) dae na die afsluiting van die verhoor kragtens Reël 6 (indien enige) of meer as 30 (dertig) dae na die afsluiting van die verhoor kragtens hierdie Reël nie, watter ook al vroeër is, van sy bevinding inlig.³⁹

8. **BEVOEGDE VONNISSE, PUBLIKASIE, KOSTE EN KENNIS AAN DIE RAAD**

- 8.1 Indien 'n respondent skuldig bevind is aan 'n aanklag van onbehoorlike gedrag, mag een of meer van die volgende vonnisse kragtens 5.3.1 of 7.6 met betrekking tot elke aanklag waaraan die respondent skuldig bevind is, opgelê word:⁴⁰
- 8.1.1 'n waarskuwing of berisping; en
- 8.1.2 'n boete, wat nie óf R100 000 óf sodanige hoër bedrag as wat van tyd tot tyd ingevolge artikel 51(3)(a)(ii) van toepassing mag wees, oorskry nie; en
- 8.1.3 'n skorsing, vir 'n spesifieke tydperk, van die reg om as 'n geregistreerde ouditeur te praktiseer; en
- 8.1.4 die kansellering van die respondent se registrasie by die Raad en die verwydering van die respondent se naam uit die register na verwys in artikel 6.
- 8.2 'n Vonnis kragtens 8.1 mag vir 'n spesifieke tydperk opgeskort word en / of onderworpe wees aan enige wettige voorwaardes in die vonnis uiteengesit.
- 8.3 Indien 'n respondent skuldig bevind is aan 'n klag van onbehoorlike gedrag, mag 'n bevel kragtens 5.3.1 of 7.6 insluit dat:
- 8.3.1 die naam van die respondent; en / of
- 8.3.2 die naam van die respondent se firma (indien van toepassing); en / of
- 8.3.3 die aanklag teen en bevinding met betrekking tot die respondent; en / of
- 8.3.4 enige ander inligting wat toepaslik geag word na gelang van die geval, deur Raad gepubliseer word of nie.⁴¹

³⁹ Kyk artikel 51(1).

⁴⁰ Kyk artikel 51(3)(a).

- 8.4 'n Respondent –
- 8.4.1 op wie 'n sanksie kragtens 5.3.1 gelê is; of
- 8.4.2 wie se gedrag die onderwerp van 'n verhoor kragtens Reël 6 was,
mag beveel word om sodanige redelike koste, of sodanige deel waarvan wat regverdig
geag word, as wat die Ondersekkomitee en die Dissiplinêre Komitee in verband met die
ondersoek en betrokke verhoor opgedoen het, te betaal.